Jeugkomitee

Aksieplan vir die Solidariteit Beweging Toekomsberaad

10 Oktober 2015

Probleemstelling

Jong Afrikaners ervaar al hoe meer dat die Suid-Afrikaanse regering nie in hul belang optree nie. Staatsverval het tot groot ontnugtering met die "nuwe Suid-Afrika" gelei en jong Afrikaners ervaar in besonder dat hulle soos tweedeklasburgers behandel word. Dit word vererger deur diskriminerende wetgewing en uitsprake deur regeringsleiers waarmee Afrikaners as politieke slaansakke voorgehou word.

Jong Afrikaners is egter 'n unieke generasie en daar is 'n groot aantal elemente wat uitgewys kan word waarom vandag se jong Afrikaners anders is as die generasies voor hulle. Hul omstandighede is anders en hul uitdagings is uniek.

Enkele van hierdie unieke uitdagings kan genoem word:

- Perspektief op die geskiedenis

  'n Verdraaide beeld van die geskiedenis word as die waarheid voorgehou. Dit is 'n beeld waarin Afrikaners se verlede gekriminaliseer word en een waarin ANC-gesindes se verlede as vlekkeloos voorgehou word.

- Vereenvoudigde lewensuitkyk

  Baie jong Afrikaners sukkel om hulleself op politieke of kulturele gebied te verwoord. Daar is 'n behoefte aan 'n vereenvoudigde politieke lewensuitkyk onder jong Afrikaners. Let wel dat hier nie van partypolitiek gepraat word nie, maar politiek in die breë sin van die woord.

- Aanloklike kultuur

  Afrikanerkultuur word voorgehou as iets wat outyds is en baie jong Afrikaners raak nie opgewonde hieroor nie. Afrikaners se kultuur word verkeerdelik met "outydse" volksfeeste en voortrekkerkappies geassosieer. Afrikanerkultuur moet meer aanloklik gemaak en verpak word.

- Aksies wat ’n verskil maak

  Jongmense oor die algemeen, maar jong Afrikaners in besonder, stel nie belang in werkswinkels en dinkskrums waar daar vir lank oor probleme gepraat word en nooit tot aksie oorgegaan word nie. Baie jong Afrikaners weet ook nie waar hulle betrokke kan raak of hoe hulle kan bydra om ’n verskil te maak nie.

- Opwindende toekomsplan

  Baie jong Afrikaners raak nie betrokke nie omdat hulle nie gebind word deur ’n toekomsplan wat realisties, maar tog eenvoudig genoeg is om hul verbeelding aan te gryp nie. Jong Afrikaners het ’n ernstige behoefte aan ’n opwindende toekomsplan.

Wat doen AfriForum Jeug?

AfriForum Jeug is geskoei op Christelike beginsels. AfriForum Jeug dien as ’n kulturele bymekaarkomplek vir jong Afrikaners. Die organisasie bied jongmense die geleentheid om hul Afrikanerskap sonder skaamte of skuldgevoel uit te leef. AfriForum Jeug bestaan uit `n nasionale bestuur waarvan die lede landwyd werksaam is, asook verskeie Jeug-takke op universiteite en kolleges.

Hierdie takke is soos volg:

- Universiteit van Pretoria (Tukkies) -tak
- Noord-Wes Universiteit Potchefstroom (Pukke) -tak
- Universiteit van die Vrystaat (Kovsies) -tak
- Universiteit van Stellenbosch (Maties) -tak
- Potchefstroom Landboukollege-tak
- Elsenburg Landboukollege-tak
- Grootfontein Landboukollege-tak

AfriForum Jeug dryf vyf kernveldtogte:

1. Stel jongmense vry van regstellende aksie.
2. Beskerm Afrikaans en studente se reg tot moedertaalonderrig.
3. Bevorder gehalte-onderrig.
4. Ontwikkeling van jong mense.
5. Behoud van gesonde studentetradisies en studentelewe.

Ander veldtogte, wat op ’n ad hoc-basis gevoer word, sluit die volgende in:

- AfriForum Jeug het vanjaar twee studente van Kovsies bygestaan in hul hofsaak teen prof. Jonathan Jansen, rektor van UV.
- AfriForum Jeug neem al etlike jare deel aan die VSR-verkiesing op Tukkies, en jaarliks behaal ons ’n reusesuksesse.
- AfriForum Jeug is tans in proses om R1 000 000 in te samel vir die Gracia-kinderhuis.
- AfriForum Jeug het deel gevorm van samesprekings rondom die nuwe Jeugbeleid wat vanaf 2016 deur die kantoor van die presidensie ingestel gaan word.

Toekomsplan vir die Afrikanerjeug

Na afloop van die toekomsberaad sal AfriForum Jeug vyf nuwe prioriteitsprojekte op hul kerfstok plaas. Hierdie projekte is soos volg:

1. Uitbreiding van strukture

AfriForum Jeug funksioneer tans uitsluitlik as ’n studenteregte-organisasie. Daar is egter ’n groot behoefte onder jong werkende Afrikaners om ook betrokke te raak en hul stempel af te druk. Om hierdie rede sal AfriForum Jeug, onder leiding van AfriForum se afdeling vir gemeenskapsake, in 2016’n proses van stapel stuur om jeugstrukture in plaaslike gemeenskappe regoor Suid-Afrika te vestig. Hierdie jeugstrukture sal spesifiek daarop toegespits wees om projekte te dryf wat vir jong Afrikaners van belang is. Hulle sal ook deel vorm van AfriForum se plaaslike strukture.

2. Jeugopleiding

AfriForum Jeug het reeds ’n personeellid aangestel wat voltyds op jeugopleiding toegespits sal wees. Daar sal pertinent gefokus word om jong Afrikaners se leierseienskappe te ontwikkel en om jongmense toe te rus om hul saak op die breë politieke terrein met selfvertroue te kan stel. Die volgende projekte sal in besonder aangepak word:

- ’n Jaarlikse leiersontwikkelingskamp vir skoolgaande jeug.
- ’n Jaarlikse geskiedenistoer vir opkomende studenteleiers wat groot potensiaal toon.
- ’n Jaarlikse opleidingsnaweek, wat ten doel sal hê om AfriForum se jeugleiers van regoor die land bymekaar te trek en opleiding te doen oor leierskap, aktivisme, kommunikasie en politieke wetenskap.

- Die aanbied van gereelde “standpuntgesprekke” by universiteitskampusse. Kenners sal betrek word om jongmense oor aktuele sake toe te spreek en op te lei.
- Die aanbied van kort kursusse oor aktuele onderwerpe. Dit sal in samewerking met Akademia gedoen word. Die moontlikheid om hierdie kursusse later tot geakkrediteerde kwalifikasies uit te brei, word tans ondersoek.

3. Kultuurprojekte

AfriForum Jeug sal ’n kultuurbewustheidveldtog onder jong Afrikaners van stapel stuur. Hierdie veldtog sal die volgende insluit:

- Versterking van verbintenisse en kommunikasie met kultuurorganisasies soos die FAK, die Cantus-gilde van Suider-Afrika en die Voortrekkers.
- Die kweek van ’n groter bewustheid oor Afrikaners se geskiedenis en die lesse wat daaruit geleer kan word.
- Die organisering van moderne kultuurbyeenkomste vir jong Afrikaners, in samewerking met kultuurorganisasies.

4. Internasionale skakeling

Internasionale skakeling tussen jong Afrikaners en potensiële bondgenote in die buiteland was tot op hede nie vir AfriForum Jeug ’n prioriteit nie. AfriForum Jeug beoog egter om ’n veldtog van stapel stuur om groter internasionale skakeling met jeugorganisasies en jeugverteenwoordigers in die buiteland te bewerkstellig. Dit sal gedoen word in samewerking met AfriForum se afdeling vir Internasionale Skakeling. Hierdie veldtog sal die volgende insluit:

- Skakeling met die jeugafdelings van burgerlike organisasies, vakbonde en politieke partye in die buiteland, waar dit voordelig sal wees.
- Deelname aan gesprekke by die Verenigde Nasies wat spesifiek op jeugkwessies toegespits is.
- Korrespondensie met die internasionale en buitelandse media oor kwessies wat jong Afrikaners raak.

5. Jeugkongres

Die Toekomsberaad sal in besonder ook opgevolg word met die organisering van ’n nasionale jeugkongres vir jong Afrikaners. Hierdie kongres sal gedurende die eerste semester van 2016 aangebied word. As deel van hierdie kongres sal die volgende onderwerpe aandag geniet:

- Die eienskappe wat uniek aan die nuutste generasie jong Afrikaners is, sal uiteengesit word.
- Insae sal verkry word op die unieke uitdagings wat hieruit spruit.
- ’n Reeks unieke projekte sal in antwoord hierop geïdentifiseer, bespreek en van stapel gestuur word.
- ’n Manifes vir jong Afrikaners sal tydens die kongres opgestel en aanvaar word.
- Samewerking tussen die onderskeie organisasies sal bevorder word.

Wat jongmense kan doen om betrokke te raak

Daar is verskeie goed wat jong Afrikaners kan doen om ’n bydrae tot hierdie plan te lewer. Afgesien van deelname aan die bovermelde projekte en betrokkenheid by AfriForum Jeug en ander jeugorganisasies, word jongmense ook aangemoedig om die volgende te doen:

- Raak betrokke by aksies en projekte in jou gemeenskap.
- Studeer in Afrikaans en dring aan op gehalte-onderrig in jou taal.
- Ken jou regte as jong Afrikaner en eis dit op.
- Raak betrokke by sinvolle projekte in jou gemeenskap.
- Neem deel aan debatte en gespreksprogramme wat jou identiteit raak.
- Bly op hoogte van die nuus en formuleer jou eie opinies daaroor.
- Maak seker dat jy goed opgelei word, sodat jy onmisbaar word wanneer jy die arbeidsmark betree.